Huiswerkvel 3 (Hoofstuk 2)
Memorandum

Vraag 1

Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies:

1.1 Ouma is lief daarvoor om (grof) sout in die kos te gebruik. *growwe*

1.2 Peter is beslis die (goed) speler in die rugbyspan. *beste*

1.3 Die onderwyser hou nie van (raas) leerders nie. *raserige*

1.4 Die seun gly op die (glad) rots toe hy visvang. *gladde*

1.5 Boere het ’n (finansies) krisis weens die droogte. *finansiële*

1.6 Lewis Pugh het in die (yskoud) water van die Noordpool geswem. *yskoue*

1.7 Sjoe, dit was darem nou ’n (smaak) ete! *smaaklike*

1.8 Leerders wat in die koshuis bly, kry soms (sleg) kos. *slegte*

1.9 Die graad 10’s is vandag (stil) as gister, want hulle is bekommerd oor die eksamen. *stiller*

1.10 Dis nou goeie nuus dat die (berug) skelm gevang is. *berugte*

(10)

Vraag 2

Gee die intensiewe vorm van die byvoeglike naamwoorde tussen hakies:

2.1 Die leerders is (bang) vir die kwaai skoolhoof. *doodbang*

2.2 My broer se meisie is (jonk), maar hy is (verlief) op haar. *bloedjonk / piepjonk ; smoorverlief / dolverlief / doodverlief*

2.3 Dis nie lekker om op ’n Saterdagaand (alleen) by die huis te wees nie. *stoksielalleen / stokalleen / vingeralleen /moedersielalleen*

2.4 Taylor Swift is (beroemd), want almal is gaande oor haar musiek. *wêreldberoemd*

2.5 My stoute sussie maak my soms (kwaad) en dan kook my bloed sommer. *smoorkwaad / booskwaad*

2.6 Ek is mal oor koeksisters, want dit is (soet). *stroopsoet / suikersoet*

2.7 Usain Bolt van Jamaika hardloop (vinnig) in die 100m wedloop. *blitsvinnig*

2.8 Die minibustaxi is vanmiddag (vol) van al die passasiers gestop. *propvol / stampvol / tjokvol*

2.9 Die (rooi) en (geel) rose wat gemeng is darem mooi! *bloedrooi / skarlakenrooi / goudgeel*

2.10 Kan jy glo? Ek het die voordeur (oop) vergeet toe ek gaan slaap het. *wawyd oop [twee woorde]*

2.11 Hierdie nuwe slimfoon is darem (duur). *peperduur*

2.12 Aggenee! Die koffie is (bitter). *galbitter*

2.13 Daardie man is (gek) om op daardie dun toutjie te balanseer. *stapelgek*

(15)